

Jaargang 2 Uitgawe 5

ink

R5

**JAK DE
PRIESTER:**
**Bo blink,
onder stink**
Bl. 15



Vrydag

11 Maart

2016

AMPER, VRYSTAAT

‘Ons is almal okay’


Bl. 9



**Antoinette
Louw**



**Cintaine
Schutte**



**Milan
Murray**

FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT * Saamgestel uit drie afsonderlike foto's.



**Joshua
Miles se
kuns oor
Eikestad
Bl. 7**

**Richard
September
sweef soos
'n rooivalk
Bl. 9**



**Top-akteurs
oor Jaco
Bouwer se
hartstog
Bl. 14**



Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

MEDIA24

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE
IN HAAR NET
SLYP HAAR WOORDE
TEEN DIE ROTS
SY BAK HAAR NOORDE
IN DIE VUUR
EN DIE NOORDEWIND KOM
EN HAAR WOORDE WAAI VER
HAAR WOORDE WORD SAAD
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,
BOORD VAN NOORDE

Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en
bittermooi lirieke van onder andere
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,
Koos Kombuis en Francois van Coke.
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

www.sanlam.co.za/sponsorships




Sanlam
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

in trotse samewerking met



Cass se lewe is 'n geurige bak bobotie



“Die boek is 'n wonderlike bydrae tot Suid-Afrikaanse kookkuns, en is meer as net 'n resepteboek met prentjies.

Cass Abrahams: 'n Lewe met kos. HB Thom-foyer. Die gesprek was Woensdag.

Cass Abrahams deel stories oor souskluitjies, haar man in sy faded blou Morris Minor, en haar lewe met kos. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Die sjef en kookboekskrywer Cass Abrahams het onlangs 'n splinternuwe boek laat publiseer, getiteld, 'n Lewe met kos, en ook in Engels, *A life with food*. Die boek is eintlik maar oor Cass se kleurvolle lewe, deur LAPA uitgegee, en is oorvertel aan die joernalis Marike Bekker.

In die HB Thom-foyer het dié twee heerlik gesels oor Cass se by tye dramatiese en eksentrieke lewenspad. In die boek is daar natuurlik ook, behalwe vir Cass se biografiese inligting (met foto's), wonderlike ou resepte soos waterblommetjiebredie, kerriekos, souskluitjies, koesisters, en baie meer.

Elke een kom met 'n storie, soos in die ou dae het die slawe en boere waterblommetjiebredie met wilde surings gemaak. Dié het hulle somer met die kaal hand daar by die plaasdam of in 'n vlei gaan pluk. Vandag doen sy dit nog steeds.

Bobotie het ook 'n geskiedenis. Dis soos volg gemaak: Die skaap is op 'n Vrydag geslag, 'n dik stuk vleis is afgesny, Saterdag is die vleis vir Sondag se groot maal voorberei. Sondag was daar 'n kolossale maaltyd ná kerk, maar daar het baie vleis oorgebly, 'n skaap kan mos 'n fris affêre wees. Daai stuk vleis het naderhand 'n klankie gekry, daar was nie koelkaste nie.

In plaas van om die waardevolle kos weg te gooi, is die vleis gemaak. Om die reuk te verbloem is daar speserye en vrugte bygegooi. Later is dit met melk en eiers gebak.

Haar man Jowa het sy as 'n jong nooi ontmoet toe sy eendag geryloop het.

“Dit was nog veilig daai dae. Hierdie sexy man met spiere het toe gestop,” vertel sy.

“Oe, hy was aantreklik. In 'n faded blou Morris Minor. Hy vra my toe waarheen ek op pad is. Nee o hete, my hart het geklop. Boem, boem, boem. Toe vra ek hom somer waarheen hy gaan. Toe sê hy: 'Nee, ek gaan net waar jy gaan'. En van daai dag was dit love at first sight.”

Hulle is nou al vir baie dekades bymekaar.

Terloops, Cass het aan verskeie universiteite studeer en is 'n gekwalifiseerde wetenskaplike, opvoedkundige en maatskaplikewerker.

“In die begin kon ek net macaroni en cheese maak,” vertel sy. Maar deur haar man se familie het sy later Kaapse-kosse en ander plaaslike disse leer ken en meer begin eksperimenteer.

Die boek is 'n wonderlike bydrae tot Suid-Afrikaanse kookkuns, en is meer as net 'n resepteboek met prentjies. Dit is in der waarheid 'n antropologiese studie oor kos, mense, die storie van volke en hoe dit alles hier in ons land op jou bord beland het.

As jy dus weer lekker smul aan 'n bord bobotie en rys, onthou net: In elke korreltjie is daar 'n hele lewe met verlangens en 'n geskiedenis opgesluit. Smaaklike ete!

– Herman Lategan

“Nee, ek gaan net waar jy gaan.



bly • hlala
happy • stay
ulonwabo

GRATIS PRET
VIR DIE HELE
GESIN!



Pryse te wen!
Handgemaakte
skaatsplanke, 2bop pette,
hoela hoepels, vlieërs

13 MAART
GRATIS

15h00
Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite,
kosstalletjies
17h00
Interaksie en gratis lesse in: Origami,
hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym
19h30
Voorvertoning: Inzync kletsrym

20h00
Lofdigter: Malika Ndlovu
Aankondiging van top 5 inskrywings
Vuurseremonie (poi dansers,
lanterns en brand van die
vlerkflappende feniks)

SPONSORED BY



NATIONAL LOTTERIES COMMISSION
LOTTO FUNDED

OTHER PARTNERS AND SPONSORS



ink

Redaksie

Redakteur
Jacquette Kloppers
(jacquettekloppers@gmail.com)

Uitgewer
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie
Johnn-Grant Munro
Heléne Booyens

Teksredakteurs
Susan Booyens
Marchelle van Zyl

Fotograwe
Nardus Engelbrecht
Natalie Gabriels

Skrywers
Mila de Villiers
Jo-Ann Floris
Marina Griebenow
Herman Lategan
Wayne Muller
Ilza Roggeband
Lynné Schoeman
Jo Prins

Assistent
Marietjie Booyens

Dankie aan Jan en Pippa
Louw en Humarga vir
tegniese dienste, onder-
steuning en infrastruktuur.

*Vir enige navrae skakel
die feeskantoor by*
021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za

Woordfees-kantoor
Adres: Erfurthuis, Ryneveld-
straat 37, Stellenbosch.
Navrae: Bel die feeskantoor
by 021 886 5036 of besoek
www.woordfees.co.za.

Besoek die Woordfees se
Facebook-blad by https://
www.facebook.com/
woordfees/

Ink op die internet

'n Elektroniese weergawe
van Ink is ná 13:00 beskik-
baar op Netwerk24. Besoek
die skakel <http://www.netwerk24.com/za/eikestad-nuus> om Ink aanlyn te lees.


NETWERK 24
AL DIE NUUS, ALTYD BYDEHAND
www.netwerk24.com

Eikestad NUUS
AL DIE NUUS, ALTYD BYDEHAND



Ma, ek wil 'n 'Parow' wees as ek groot is!

Vroeër die week het Jack Parow 'n jong fan-club saamgebring na die bespreking van die boek 'Die ou met die snor by die bar'. Die jongspan moes dalk 'n paar keer hulle ore toedruk om Oom Jack uit te bliep.
FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT



STEMBUS 2016

Ek dink die OVK het hul les geleer – Kriegler

Diskoers

Stembus 2016. Frederik Van Zyl Slabbert-gesprekreeks. Die Khaya. Dit was Woensdag.

Daar bestaan by hom geen twyfel dat Suid-Afrika vanjaar sy plaaslike verkiesing gaan hou nie, het regter Johann Kriegler, wat die land deur sy eerste demokratiese verkiesing in 1994 gelei het, Woensdag op Stellenbosch gesê.

Hy het gereageer op 'n vraag van gesprekleier Henry Jeffreys. Jeffreys het gemeen dit lyk nie na 'n uitgemaakte saak dat die verkiesing gaan geplaasvind nie, na aanleiding van die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) se flater in Tlokwe, waar die hof 'n tussenverkiesing ongeldig verklaar het omdat hulle nie 'n adreslys kon verskaf van die kiesers in die gebied nie.

"Ek is nie meer betrokke by die OVK nie, maar ek het 'n belang daarby dat die verkiesing vry en regverdig verloop," het Kriegler gesê.

"Enige organisasie se reputasie is moeilik om op te bou, en dit is kardinaal dat die OVK sy beeld herstel as 'n geloofwaardige, onafhanklike organisasie."

Hy het verwys na die huurskandaal rondom die OVK-kantore in Pretoria, wat uiteindelik gelei het tot die bedanking van sy voorsitter, adv. Pansy Tlakula.

"Die stories rondom die gebou – die hele ding was swak geadmistreer en ek dink nie daar was enige korrupsie by betrokke nie, maar toe begin die gerugte. Die uiteinde was dat Tlakula moes bedank.

"Dit bly 'n groot jammerte, want sy was 'n uiters bekwame mens wat die reg verstaan. Die kommissie is verswak daardeur, want hulle het baie bekwaamheid en kundigheid verloor."

Oor Tlokwe, het hy gesê die indruk is ongetwyfeld geskep – indien nie die realiteit nie – van partydigheid jeens die ANC.

Maar ten spyte van die hofsake, en die onduidelikheid oor hoe die OVK die kieserslyste voortaan moet administreer, gaan die verkiesing gebeur, het Kriegler gesê.

"Ongetwyfeld, ja. Elke verkiesing skep gerugte, en hierdie is nie anders nie.

"Ek dink die OVK het hul les geleer, en hulle sal waarskynlik nou terug hof toe gaan om sekerheid te kry oor wat presies hulle moet doen."

Hy het gesê 'n kieserslys is 'n noodsaaklike administratiewe

middel. "In 1994 het ons uiters moeilik voortgeploeter – ons het nie geweet waar die mense was nie.

"Vir proporsionele indeling – as mense nie 'n vaste adres het nie, kan hulle tegniese ingery word om stempersentasies te swaai na dié of daai kant toe."

Kriegler het toegegee dit sal 'n onmoontlike taak wees om voor Augustus 'n volledige lys saam te stel.

"Te veel mense het nie adresse nie, waar hulle bly is daar geen straatnaam of selfs erfnummer nie. Dus sal die OVK terug moet gaan na die Grondwet vir leiding."

Die gesoute politieke joernalis Jan-Jan Joubert, wat deel was van die paneel, het gesê hy dink nie die OVK het 'n opsie om nie 'n verkiesing te roep nie, want enige raadsbesluit ná 16 Augustus sal ongeldig wees omdat verkiesingsdatums 'n wetlike vereiste is.

Joubert het gesê die interessante ding om dop te moet hou met die verkiesing is die koalises wat gevorm gaan word.

"Dan ook moet ons fyn oplet wat in myngebiede gebeur. Ek is bekommerd dat in gebiede waar die ANC of EFF teleurgesteld gaan wees met die uitslae, geweld moontlik kan uitbreek as die uitslae bevraagteken word."

Hy het gesê die aanduiding is dat die Nelson Mandelabaai-metro nie weg van die ANC af gaan swaai nie. "Ander gebiede om dop te hou, is die verre noordelike gebiede van KwaZulu-Natal, Johannesburg, waar die DA sterk kandidaat gestel het, en die mynbougebiede."

Op Jeffreys se vraag oor vir wie die ANC die bangste moet wees, het Joubert gesê dit is baie duidelik dat die opposisie met mekaar gaan saamwerk.

Kriegler het gesê om 'n verkiesing te hou soos in 1994 was maklik, in dié sin dat dit 'n uitgemaakte saak was wie sou wen.

"Maar dinge raak moeilik as daar meer kompetisie is. En ons moet daarvan wegbeweeg om probleme met die fakkel en die byl te probeer oplos plaas van gesprekke voer. Ons kan baie dankbaar wees vir ons regerende party, want ons is onteenseglik beter af as meeste ander lande."

Hy het gesê hy het die volste vertroue in die amptenare van die OVK.

"Dit is mense wat weet wat hulle doen. Ons het rede om trots te wees dat twee van die beginsels wat ons gevestig het – dat stemme by die stembus getel en die uitslag daar aangekondig word, asook die party-skakelkomitee – nou wêreldwyd gebruik word."

– Jo-Ann Floris




“ Ons moet wegbeweeg om probleme met die fakkel en die byl te probeer oplos plaas van gesprekke voer. – Johann Kriegler

kraakvars fiksie



Kaptein Nicci de Wee betree die donker onderwêreld van mensehandel in die Kaap in *Slaafs*, Bettina Wyngaard se splinternuwe riller.



Spoke uit haar verlede dryf 'n Suid-Afrikaner in Londen tot gevaarlike seksuele vergrype in *Malhuis*, Anel Heydenrych se aangrypende debuut.



Penguin
Random House
South Africa

Nou beskikbaar in winkels en as 'n eBook.



MOET DIT NIE MISLOOP NIE!

SUZETTE KOTZE-MYBURGH GESELS MET ANEL HEYDENRYCH
OOR HAAR DEBUUR ROMAN, *MALHUIS*.

Besonderhede:

12 Maart 13:00 | HB Thom-Foyer | 60 min | Gratis

Gesprekke

Heeltemal gek oor Afrikaans

Tom Lanoye en Daniel Hugo: Gelukkige slawe. Skrywersfees. ATKV-boektent. Die geleentheid was op 5 Maart.

Saterdagoggend se gespreks-genote in die boektent was nie net 'n skrywer en vertaler nie, maar ook twee ou vriende, wat die uur se gesels regtig gemaklik en vrolik gemaak het.

Tom Lanoye, die Belgiese skrywer, digter, dramaturg en wat nog, woon in Antwerpen en Kaapstad. Hy en sy man kom al die afgelope 24 jaar gereeld Suid-Afrika toe, en Daniel Hugo, digter, vertaler en oud-radioman, het verskeie van Tom se boeke vertaal.

Tom se gewilde jongste roman, *Gelukkige Slawe* (Protea Boekhuis), speel af in Suid-Amerika, China en Suid-Afrika, en het as hoofkarakters twee Belgiese mans met dieselfde naam en van, Tony Hanssen. In Buenos Aires is die een 'n toyboy vir 'n ouer Chinese vrou met 'n skatryk en genadelose man; en in die Krugerwildtuin skiet die ander, 'n voortvlugterende rekenaarprogrammeerder, na 'n renoster. Die een Tony wil sy vryheid terughê, en die ander sy gesin.

Daniel wou eerstens weet wie is die "gelukkige slawe" van die titel.

"Ons almal," sê Tom. "Almal wat nou lewe in 'n wêreld wat te groot geword het vir 'n mens. Soos Tsjehof gevra het: 'Hoekom lewe ons nie soos ons kán lewe nie?'"

"Die boek is geïnspireer deur die wêreldwye ekonomiese inplouing in 2008. Ons hou aan betaal en betaal vir hierdie bankiers. En ons doen dit omdat ons nie weet hoe om anders te lewe met geld nie. Vir my is dit 'n simbool vir die lewe, ons maak baie kompromisse – is dit 'n Afrikaanse woord? En miskien moet ons dit soms ook nie doen nie. 'n Slaaf weet hy is 'n slaaf, maar tog bly hy 'n slaaf."

Daniel het hom onder groot gelag vir die (breedvoerige) antwoord bedank, "veral omdat dit so lekker kort was". Ja, seg Tom, ek is klein van gestalte, lang van spog, maar kort van lontje.



Deon Meyer het kom inloer by Tom Lanoye en Daniel Hugo se gesprek. FOTO: NATALIE GABRIELS

"As jy my kwaad kry – dis my Napoleon-kompleks, nê!"

"Wat 'n Franse kritikus geskryf het, is dat die boek 'n mélange is van Albert Camus en Quentin Tarantino. Dit was vir my nou 'n goeie omskrywing. Dis nie 'n siniese boek nie, maar dis 'n duistere boek, 'n meestal optimistiese boek. En ek het so baie plesier gehad om dit te skryf."

Tom het verduidelik hoekom die twee karakters albei Tony Hanssen heet.

"Dis 'n ou motief. As mens iets belangrik wil sê in literatuur of politiek, dan gebruik jy 'n Duitse woord: Dis 'n doppelgänger-motief. Soos blitzkrieg, dachshund, angst [gehoor lag]. Dis baie oud. Jy neem twee persone, hulle lyk ook 'n bietjie op mekaar, met dieselfde van, dieselfde voornaam, en hulle weet nie van mekaar se bestaan nie, maar jy weet as leser en jy weet ook as skrywer hulle sal mekaar ontmoet."

"Dis nou die groot spanning vir die skrywer, die plesier: Jy neem een mens en jy deel hom in twee moontlikhede van 'n lewe, die een is 'n loser en die ander dink hy's 'n wenner – so hulle moet met mekaar saamwerk, en dis in China, hulle ken niemand daar nie. En hulle het mekaar nodig, maar hulle haat mekaar."

"Dit klink nou sinies, maar vir my is dit die moderne mens wat begin het met Hamlet. Die mens wat 'n totale paranoïde wêreld het, en totaal eensaam is, al het hy al hoe meer middele om te kommunikeer. Een van die groot probleme van die globalisering is dat 'n mens meer eensaam voel. En meer magteloos as ooit. En die groot probleme het nou só ongelooflik groot geword, dat dié magteloosheid nou byna 'n basiese lewensgevoel geword het. En hoe kan jy dit beter uitdruk as met die skisofrenie van 'n opgedeelde hoofpersoon?"

Ná die langasem-antwoord noem Daniel dat daar ook 'n baie interessante Suid-Afrikaanse karakter in die roman is, die polisieman wat Tony Hanssen in China gaan opspoor.

"Wil jy iets oor hom sê? Of moet ek 'n spesifieke vraag vra?"

Tom: "Jy kan nie kla dat ek te lank praat en dan so 'n kort vraag vra nie! So min woorde? Daniel, jy skryf gedigte, nie haikoes nie!" Daniel: "Hmm, ja."

Hulle gesels dan oor die swart karakter, 'n polisieman, wat die hele struggle-geskiedenis vertel.

"Was so iets nie 'n waagstuk vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor nie?"

Tom verduidelik hoe hy en sy man ná al die jare se besoeke aan Suid-Afrika besef 'n mens verstaan al hoe minder van die land.

"Vir my is die karakter [van inspekteur] Vusi Khumalo nie net 'n monoloog aan die hart van die boek, reg in die middel van die boek nie, maar dis ook die voet-

stuk waarop die hele boek rus.

"Hy is net so korrupt as die ander, maar hy het 'n besef daarvan. Hy't ook meer littekens as die ander. So, hy vertel nie net 'n persoonlike geskiedenis nie, maar ook dié van Suid-Afrika en sy groot teleurstelling met wat gebeur, en die één dag van vryheid wat hy belewe het toe Mandela vrygelaat is. Hierdie dag het ek beskrywe deur Vusi, om net een só dag te belewe, en dan kom die dag daarna, die weke daarna, die jare."

"Die groot oomblikke van geluk is maar baie skaars, en dan kom die werklikheid. Dis nou eers ná meer as 20 jaar dat ek die moed gehad het om te skryf oor Suid-Afrika. Dis nie maklik nie, weet jy."

Die twee vriende se voorlesings uit die Afrikaanse teks is met groot waardering deur die gehoor ontvang, Tom ekstra teatraal en skreeusnaaks, en Daniel rustig en wys met sy pragtige stem.

Daniel het verwys na die feit dat Tom veral opgewonde is oor die meer onlangse vertalings van sy werk na Frans – die sewende boek in vier jaar.

"Ja, ek skrywe al vir 30 jaar en was bietjie beroemd in die een deel van België, en die ander kant ken jou glad nie. Maar sukses met 'n toneelstuk in Avignon het gelei tot 'n uitgewer in Parys, en dan word jy opeens weer 'n tweede soort klein Lady Gaga, in jou eie land! Dis baie lekker om herontdek te word, ek voel my baie jonk, nou."

Op 'n vraag van 'n beswaarde gehoorlid oor wat tans met taalbeleid aan die US gebeur (volgens hom iets vreesliks), het Tom versigtig begin met: "Ek weet nie wat om heeltemal daarvan te dink nie..."

"Dis so gekompliseerd, maar dis obvious – nee, dúidelik – dat ek heeltemal mal is oor Afrikaans."

"Die eindpunt van die diskussie behoort te wees: Is Suid-Afrika sonder al sy amptelike tale nog Suid-Afrika? Ek dink nie so nie. Daar moet 'n manier wees – maar ek is 'n buitelandse, hoekom moet ek julle probleme oplos!"

– Susan Booyens

'Sensuurraad se moer – en die fat lady s'n ook'

Herontdek: Jans Rautenbach. Skrywersfees. ATKV-boektent. Die gesprek was op 5 Maart.

"Soos 'n goeie diplomaat kan ek julle nie verder vertel nie."

Só het die bekroonde filmmaker Jans Rautenbach feesgangers in afwagting gelaat ná sy onthulling dat hy weer besig is met 'n projek.

"My grootste projek," het hy aan die ekstatiese gehoor gesê.

Rautenbach het op 22 Februarie sy 80ste verjaardag gevier, maar daar is geen einde aan dié "laaitie van Boksborg" nie, soos hy skertsend na homself verwys.

Sy eerste rolprent, *Die kan-*

didaat, het in 1968 verskyn. Ná 'n stilte van byna 20 jaar het Rautenbach se eerste flik sedert 1985, *Abraham*, in 2014 verskyn. Soortgelyk aan *Die kandidaat*, *Katrina* (1969) en *Jannie Totsiens* (1970), ondersoek *Abraham* sosiale kwessies in Suid-Afrika.

Rautenbach se seun, Gert, 'n ywerige flik-blogger, deel die verhoog met sy pa en tree in gesprek met hom oor sy oeuvre. Gert het onder meer vir Rautenbach – oftewel "Oom Jans" soos Suzette Kotzé-Myburgh en Karen Meiring met deernis na hom verwys – uitgevra oor sosiale ongeregtigheid wat in sy films aangespreek word

en hoe die destydse apartheidsregering se film-en-publikasieraad ongunstig daarop gereageer het.

"Hulle moer," laat Rautenbach van hom hoor. "As jy nie in jouself glo nie, kan jy nie skep nie." Deur die loop van die gesprek word dit duidelik dat hierdie sagmoedige man met 'n skerp sin vir humor 'n baie groot klem op kreatiwiteit en die skeppende kunste plaas.

"Jy kan nie skep as jy nie deel is van die gemeenskap nie," sê hy.

Rautenbach is as kind belet om films te kyk, maar was wel 'n krante wetenskapsfiksieleser. Gert beskryf sy pa as iemand wat "op soek was na 'n ander wêreld. En

die vuurpyl waarmee hy opgestyg het, was fliks."

"Soms verstaan ek ook nie mooi wat ek doen nie," vertel hy prontuit oor negatiewe terugvoering wat *Jannie Totsiens* ontlok het, tot die vermaak van die gehoor.

Rautenbach probeer ook nie die trane wegsteek nie en deel 'n staaltjie van een van sy dogters met die gehoor. "Die een ding wat jy weet van my pa," vertel Rautenbach namens sy dogter, "as hy toesprake maak, dan huil jy."

Gert vra op 'n kol vir Rautenbach wat hy as filmmaker oor die jare heen geleer het.

"Jy weet nie as 'n kind wat jy

het nie. Oorlewing, dissipline, toewyding. Jy moet die toewyding hê om te doen wat jy moet doen om te kan oorleef."

Met 11 rolprente agter die rug, nog een op pad én Karen Meiring van kykNET wat beloof om subtitels vir sy films te gee sodat dit universeel waardeer kan word ("En as daai witkop sê sy wil iets doen, kry sy dit gedoen," aldus Rautenbach), kan daar met sekerheid gesê word dat Rautenbach oud, maar beslis nog nie koud is nie.

Of, soos hy dit stel: "Die Engelse sê mos 'it ain't over till the fat lady sings'. En sy het nog nie gesing nie." – Mila de Villiers

Dié wat ander laat spring, moet leer vlieg

JP Meyer – Doop. Visuele kuns. Hofmeyr-saal. Daaglik van 09:00 tot 18:00.

'N Jong man trek hoog deur die lug. Sy arms is uitgestrek na onder asof hy wil keer waar hy val en sy bene strek ver agter hom uit.

Onder hom in die water staan 'n groep mans in hul swembroeke en kyk op na hoe dié figuur deur die lug aangesweef kom.

Almal wag op die landing.

Die mans in die water se rûe is geel (moontlik 'n sonsondergang), die water donker en die lug bo hulle op die horison onheilspellend pers.

Heel links sien die kyker 'n figuur wat 'n wakende oog oor als hou. Hierdie is nie net sports nie, hier is die een of ander ritueel aan die afspeel.

Dié toneel ("Plunge", akriel op bord) is een van die 14 aangrypende werke van die kunstenaar JP Meyer in die Hofmeyr-saal.

Doop, Meyer se solo-uitstalling, is nou wel geïnspireer deur sy herinneringe aan sy eie inisiasie op universiteit, maar dis meer 'n verkenning van verskeie rites en rituele. Ja, male bonding seker, maar spesifiek – in antropologiese terme – die deurgangsrites onder mans.



Meyer ondersoek onder meer die oorgange van kind na man; outsiderskap; indoktrinasie (soos in die goeie ou weermag van PW en seuns...); die in crowd; en natuurlik die teelgrond wat die boelie na voorskyn bring.

In sy gelyknamige werk, "Bully" (akriel en olie op bord), is die agtergrond weereens pers, met in die voorgrond ses seuns, plek-plek 'n jong man, wat toekyk hoe 'n

sewende ene op die naat van sy rug op die grond lê. Die staande seuns, glimmend-geel en kaalbolyf in hul swembroeke, is ooglopend geamuseer deur die een op die grond se pyn.

Hoewel esteties treffend, veral "Gathering III" (akriel en olie op bord), "Circle" (akriel en olie op bord) en "Pageant" (akriel op bord), vra Meyer se werk spesifiek hier en nou, op Stellenbosch, belangrike vrae.

Hoe betekenisvol is dié rituele vir mense? Het ons werklik dié oorgangsrites nodig wat gewoonlik onder die neuse van die powers that be (of, dikwels met hul gesig net een kant toe gedraai) geskied?

En ander vrae: Is daar in dié tradisies plek vir vernuwing, dus dat nuwe, opbouwende tradisies gevestig kan word sonder om maar net die sondes van die vaders te herhaal?

Die indoeena wat van links af toekyk in "Plunge" moet weet: Die status quo kan onmoontlik nie vir ewig duur nie – en binnekort sal hy ook moet leer vlieg...

Soos die Zen-spreek lui: Die harmonie in verandering, lê in die verandering van harmonie.

Maar feesgangers sal moet spring! Nog net vier van dié 14 werke was teen gister nog nie verkoop nie. – **Jo Prins**



HEEL BO: Lise von Wielligh kyk na Plunge, een van die werke van JP Meyer in die Hofmeyr-saal. FOTO'S: JO PRINS

DIE BYBEL IN JOU TAAL



www.bybelgenootskap.co.za
bybelgenootskap van suid-afrika

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

Psalm 75:5

Vir verwaande mense sê ek:
"Moenie verwaand wees nie."
Vir die goddelose mense:
"Moenie horings oplik" nie."

"horings oplik": 'n Idioom vir kragvertoon en verset.

SÊ JOU SÊ BY:
www.bybeldirektevertaling.co.za

‘Hartstog vir kuns’

Jaco Bouwer se kreatiwiteit en visie as teaterskepper en regisseur is legendaries. Sy skugterheid en afkeer aan publisiteit en teatrale “hype” is eweneens bekend. Dit was dus makliker om te praat met die akteurs wat gereeld saam met hom werk oor wat dié samewerking so besonders maak. Bouwer bied by die Woordfees vier produksies aan, naamlik die ensemblestukke *In ongenade* en *Buite blaf die honde swart*, ’n solostuk genaamd *Santa Gamka* en die klassiekemusiekproduksie *Waansin*. Lees hier die tweede aflewering, saamgestel deur **Marina Griebenow**.

GERBEN KAMPER – Prof. David Lurie in *In ongenade* en Gregor Samsa in *Samsa-masjien*:

Om saam met hom te werk:
In ongenade is die tweede keer dat ek met Jaco saamwerk. Die vorige keer was met *Samsa-masjien*. Nee, ek kan nie ’n gunstelingproduksie uitsonder nie. Albei rolle is uiters komplekse karakters, maar heeltemal uiteenlopend. Die uitdaging bly dieselfde.

Ek het al jare lank ’n groot bewondering vir sy werk. Toe hy my dus bel en vra of ek sou belang stel in die rol van Gregor Samsa, het ek sonder huiwering ja gesê. Hy wou nog weet of ek nie eers die teks wil lees nie, maar ek het net gesê: “Nee wat, met jou wil ek saamwerk!” Ek sou by enige projek waaraan Jaco werk, betrokke wou wees, maak nie saak wát nie.

As ek een ding vir hom kon sê, sou dit wees: “Dankie”!

Bouwer se benadering:
Die mees vervullende aspek van saamwerk met Jaco, is waarskynlik sy kundigheid en insig in elke aspek van ’n produksie. Dis soos om deur ’n beeldhouer in ’n kunswerk gegiet te word. Want dit is Jaco: ’n ware kunstenaar. Die bietjie frustrasie wat daar mag wees, is waarskynlik die frustrasie met die self eerder as met die regisseur, omdat hy maar soms met ’n sweep agter jou kan staan en jou dryf, en jy as speler dan voel jy kan nie byhou nie.

ANTOINETTE KELLERMAN – onder andere Josephine in *Samsa-masjien*:

Om saam met hom te werk:
As spelers het ons saamgewerk in *Tango del Fuego*, *Aars 2* en *Mamma Medea*. Daarna het hy die regie gedoen van ’n *Ander Tongval*, *Altyd Jonker*, *Bedevaart vir Drie Aktrises*, *Die Boland Moorde* (TV-reeks), die eerste Fiësta-toekennings en *Samsa-masjien*.

Ná ons saamgewerk het as spelers het hy my gevra om in *Altyd Jonker* te speel en daarna het die ander rolle gevolg. Ek het nooit eintlik ’n gunstelingproduksie nie, want ná die pyn verby is, onthou mens net die heerlijkheid van toneelspeel. Maar ek het ’n sagte plekkie vir *Altyd Jonker* en die “skim-karakter” wat ek gespeel het en die vryheid wat Jaco my karakterontwikkeling toegelaat het met elke vertoning.

Daar is altyd projekte waaraan ek saam met hom sou wil werk, maar geld is ’n probleem. Tog, as ek een ding kon sê, sou dit wees:



Gerben Kamper in die toneelstuk *In ongenade*. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

“Hallo Jaco, wanneer werk ons weer saam?”

Bouwer se benadering:
Jaco gee sy spelers baie vryheid om te eksperimenteer en rond te speel tydens die eerste repetisiefase en dit laat ’n speler sy eie kreatiwiteit vertrou en ontgin. Ek geniet só ’n proses. Sommige spelers wil meer besliste riglyne hê van die begin af en vind sy werksproses seker frusterend. Maar moenie ’n fout maak nie, hy kan ook baie pedanties wees. Dit hang alles af van die soort teks waarmee hy werk.

Oor Bouwer se kreatiwiteit:
Jaco, soos Marthinus, bring die visuele, klank en kostuums baie vroeg in die proses in, en as speler vind ’n mens baie baat daarby. En ek skryf sy sukses toe aan sy ongelooflike kreatiwiteit, fokus, werks-etiek en allesomvattende hartstog vir sy kuns.



Antoinette Kellerman

NICOLE HOLM – Bev Shaw in *In ongenade*:

Om saam met hom te werk:
Bitterlik baie jare gelede het ons saamgewerk aan *Trouvrou*, toe *Altyd Jonker* en so agt jaar gelede *Saad*, alles geskryf deur Saartjie Botha. Sy is ook die een wat aan-vanklik gevra het of ek *Trouvrou* sal doen. En nou weer is daar *In ongenade* en hy is ook die oorsig-regisseur van *Nouliks of Niks*, stukke van die dramaturg Samuel Beckett wat ons vir die KKNK doen. My bydrae in *Saad* is nie noodwendig iets waarop ek trots is nie, maar as ek moes kies, sou ek sê dis my gunstelingproduksie tot dusver.

Bouwer se benadering:
Alles waarmee Jaco werk, hanteer hy met die uiterste respek; materiaal, teks, spasie en dan natuurlik sy akteurs. Die frusterendste

ding vir my is dat hy al my props (rekwisiete) wegvat. Maar, hy kan besluit om ’n woordeboek op te voer en ek sal daarin wil wees!

Oor Bouwer se kreatiwiteit:
Jaco het geweldige insig, doen sy navorsing en het baie goed ontwikkelde sintuie. En natuurlik people skills.

MAGDALENE MINNAAR – *Waansin*:

Om saam met hom te werk:
Ek het die eerste keer saam met Jaco gewerk weens ’n gemeenskaplike vriend, Braam du Toit. Braam het die musiek geskryf vir ’n produksie genaamd *Huis*. Dit was ’n baie eksperimentele werk, met regie deur Jaco en Peet Pienaar. Ek was wide-eyed and bushy-tailed, nog in my tweedejaar, en dit was ’n ongelooflike teaterervaring. Ek het daarna weer met Jaco saamgewerk



Nicole Holm

in vier ander produksies: *Lig, 1894*, *Poskantoor* (’n Afrikaanse opera) en natuurlik nou *Waansin*. Ek moet erken, *Waansin* is by verre nog my gunsteling, ook omdat ons nou nog ná drie jaar daaraan skaaf en bou.

Bouwer se benadering:
Jaco het geen saak met wat enigeen van sy werk of proses dink nie. Ek vind dit inspirerend. Hy is werklik grensverskuiwend en ek sou graag aan nog ’n nuwe Suid-Afrikaanse opera saam met hom wou werk.

WAANSIN wys vandag om 20:00 by die Stadsaal in Pleinstraat. Kaartjies kan vooraf teen R110 bespreek word of kos R130 by die deur.

NICOLE HOLM VERTEL:
Ons het *Altyd Jonker* gerepeteer. Die eerste twee weke mime ek ’n magdom rekwisiete: van ’n vis wat ek op die kaaimuur sit en uitpluis, na ’n koelboks vol toebroodjies wat ek vir my mede-akteurs op die “strand” uitdeel. Ná so twee weke van repetisies begin ek toe verneem of ek miskien van die items kan saambring sodat ek gewoon kan raak daaraan. Dit was toe dat ek ingelig word dat ek niks van die goed gaan kry nie. Jaco sê nee. Angswekkend vir ’n aktrise wat graag agter props wegkruip...



Magdalene Minaar

Elke suster op haar eie klippeiland

Amper, Vrystaat. Drama. Hoërskool Lückhoff. Môre om 15:00. Sondag 13 Maart om 10:00.

Die dood is gewoonlik ’n gewigtige onderwerp. In die geval van Hester van Emeris van die dorp Amper in die Vrystaat was dit letterlik die geval. Wel, dis nou as ’n mens haar dogter Bea (Antoinette Louw) moet glo. Die kon dit juis nooit verwerk dat haar ma ’n gebroke hart probeer verbloem het deur haarself te pletter te eet nie.

Hester, skriba van die Amper-gemeente en raakvatter by die skou, het drie dogters grootgemaak, nie te suksesvol nie, as ’n mens hul weergawe van gebeure moet glo. Soos die Kozorof-susters van die Russiese dramaturg Tsjechov het elk van Hester se kinders ook hul eie geite, geheime en stories.

Die oudste, Bea (Louw), het al 20 jaar lank ’n verhouding met ’n getroude man. Sy woon alleen in ’n verslete woonstel in Pretoria, steel duur parfuum in winkelsentrums en laat almal glo sy rits gedurig oorsee rond. Liz (Milan Murray) het vyf kinders en is met haar derde man getroud. Sy is soos ’n snaar gespan, reël en organiseer alles en almal. Vrydae speel sy *Dungeons and Dragons* saam met puisiegesigtieners in Pretoria-Oos.

Die jongste, Annatjie (Cintaine Schutte), speel voortdurend vrede-maker, maar nadat sy haar gesin uit hul sokkies skok deur haar seksuele oriëntasie oor ’n Kersmaal bekend te maak en hulle sommer daar en dan aan die liefde van haar lewe voorstel, staak sy ook dié pogings. Regisseur Nico Scheepers het onlangs die Fiësta-prys vir teaterontwerp ontvang, juis vir dié



Antoinette Louw, Cintaine Schutte en Milan Murray skitter in Amper, Vrystaat. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

produksie. Sy ontwerp is eenvoudig. Dit bestaan uit drie hope wit rivierklippe, elkeen verlig deur ’n enkele gloeilamp wat uit die dak hang. Vir die res is die verhoog leeg. Die drie klippeilande verteenwoordig natuurlik die habitat van die drie susters nadat hulle Amper verlaat het vir groener weivelde.

Soos die afstand tussen die klipstapels, is hul verhouding met mekaar en met hul ma. Tot Hester skielik te sterwe kom en hulle haar

lyk eers ná ’n week kry.

Die meeste van die dialoog bestaan uit monoloë deur die susters. Die heerlijkheid daarvan is dat hulle meestal óór mekaar praat, so dit voel asof jy ’n vertroueling raak in ’n skindergesprek. Eers met hul ma se begrafnis praat hulle weer met mekaar, al is die meeste van die gesprekke oor banaliteite soos die grootte van die kis, oom Boet wat sy erfgeld vir ’n geslagverandering gebruik het, en dies meer.

Hester herenig haar dogters met haar dood – stadige maar stelselmatige vordering.

Die akteurs skitter in hul onderskeie rolle. Louw se meesterlike gesigspel kan waarskynlik toegeskryf word aan haar uitgebreide rolprentervaring en Schutte se beheer oor ’n geweldige klomp dialoog was reeds destyds duidelik met ’n tirade wat sy in *De Klerk Oelofse se Tjop en dop* gelewer het. Dis egter Murray wat

die kroon span met die toespraak wat Liz by Hester se begrafnis lewer, natuurlik nie sonder haar indekskaartjies nie. Die ongelooflike manier waarop sy komiese en tragiese kombineer in ’n monoloog wat jou om die beurt laat skater en snik, getuig van ’n vaardigheid wat die asem wegslaan.

Amper, Vrystaat is so aards soos daardie geliefde grond self en verdien elke vol saal en staande applous. – **Marina Griebenow**

September vlieg hoog met dié Rooivalk

Rooivalk. Drama. Die Breughel-teater. Môre om 09:30.

Jy sou nie verkeerd wees as jy regisseur en skrywer Nico Scheepers se jongste toneelstuk klassifiseer as ’n tipiese verhaal oor volwassewording in die styl van *Catcher in the rye*, *To kill a mockingbird* of selfs *The perks of being a wallflower* nie.

Dié eenpersoonsdrama se temas is soortgelyk: ’n Verlies aan onskuld, ’n pynlike emosionele, fisieke en geestelike stryd vir die protagonis (en sy beste maat) om hul plek in die wêreld te vind, asook konflik met hul omgewing en diegene wat dit bewoon.

Rooivalk speel boonop af teen die agtergrond van die diep ongelyke sosiaal-maatskaplike situasie in ons land, ’n aspek wat noodwendig ’n invloed op die verloop van die verhaal het.

Rooivalk Buys (Richard

September) oftewel Valkie is die seun van ’n plaaswerker op ’n plaas in Limpopo. Sy speelmaats is JP en Grietjie, die kinders van Paul Botha, Pienk Boer van die Soutpansberg, só genoem omdat hy so maklik sonbrand opgedoen het. Die vierde lid van die groep is Yoda, JP se orige klein jackrussell.

Daar is baie sulke stories in ons land – van plaaskinders wat kleintyd boesemvriende is met die werkers se kinders, maar namate hulle ouer raak en wegbeweeg van die plaas en onmiddellike omgewing vervaag en verdwyn dié vriendskap. Scheepers se verhaal volg nie dié tipiese patroon nie, hoewel die uiteinde selfs meer tragies is. Sy verhaal neem ’n onverwagse verloop en daarin lê sy krag. En groot is die verligting omdat die verhaal vir eens nie hoofsaaklik deur die oë van die wit kind vertel word nie. Dít maak die storie sterker en die karakterontwikkeling

soveel interessanter.

Valkie en sy pa woon in die “kompom” (kampong), terwyl die Bothas in die groot plaashuis woon wat eens ’n Katolieke kerk was. Dié woonplekke word uitgebeeld deur twee skaalmodelle wat onderstebo vanuit die dak hang en waarin ’n lig of ligte aangaan as die inwoners tuis is. Scheepers het juis onlangs die Fiësta-toekenning vir teaterontwerp ontvang vir *Die dag is bros* en *Amper, Vrystaat*.

Hy het ’n besondere voorliefde vir fantasie-elemente en magiese realisme in sy werk. Trouens, dit sal ’n mens geensins verbaas as daar ’n hele nuwe genre vanuit sy baie ryk verbeelding ontstaan nie. Sy toneelstukke wemel van verwysings en kruisverwysings na letterkunde, musiek, rolprente en feitlik enigiets wat jy in die popkultuur teëkom. Hy skep inderdaad vir jou ’n nuwe klein wêreld op die verhoog, heel dikwels met

suggestie en simbole. Dieselfde geld die plaashuis in *Rooivalk*. Dit duik noodwendig weer op.

Scheepers verwys in ligte luim na September as ’n sjamaan. Dis nie te ver van die waarheid nie. September speel die twee seuns, Rooivalk en JP, en benewens die taalgebruik en aksente wat verskil, ondergaan hy ook ’n subtile dog besliste fisieke transformasie vir elke karakter.

Boonop is dit fassinerend om agter te kom hoe die ander karakters sienderoë lewe kry deur die vertellings van die twee seunskarakters. JP se verhouding met sy pa staan sentraal tot die verhaal. Wanneer September Rooivalk is, sien die gehoor JP se pa vanuit ’n ander oogpunt as wanneer September JP speel wat oor sy pa praat. Dis merkwaardig om te aanskou en verteenwoordig ’n spilpunt gevorm deur briljante skryfwerk enersyds en onbeskryf-

lik goeie spel andersyds.

September het verlede jaar elke denkbare prys ingepalm vir sy vertolking van ’n paar karakters in die gewilde toneelstuk *Rondomskrik*. Hy moes dus aansienlik druk ervaar het om ewe goed te vaar met *Rooivalk*, sy eerste solostuk. Hy kan ontspan. Rooivalk Buys gaan nog lank onthou word deur almal wat die voorreg het en gaan hê om hom te ontmoet. En Rooivalk sal sorg dat JP se nagedagtenis ook voortbestaan.

Rooivalk is op die oog af ’n verhaal van vriendskap en verlies, maar op die ou einde omvorm dit vreemdweg en dien juis as bevestiging van dié dinge wat aan die lewe sin en betekenis gee. Scheepers en September is ’n formidabele span.

Hul klippies op die dam se water gaan beslis meer as sewe keer spring, want Rooivalk Buys is die voorbok. – **Marina Griebenow**

Skrywers en akteurs

Botha beWonderboom Botha

Lien Botha: Wonderboom: Skrywersfees. HB Thom-foyer. Dit was gister om 14:00.

Twee Bothas op die verhoog. Die een is totaal en al oorbluf deur die ander se debuut. Die ander is oorbluf deur die oorbluftheid...

Elke nou en dan aarsel Lien, want Saartjie, feesdirekteur, vra “moeilike” vra tussendeur haar sporadiese verklarings van bewondering.

“Dis onomwonde my gunstelingboek van verlede jaar... dis ’n belangrike, belangrike debuut,” het Saartjie gesê.

“Ek is nie ’n letterkundige nie, maar ek is ’n ywerige leser. Dit [*Wonderboom*] maak Afrikaans opwindend en dit is vir my geweldig opwindend dat daar ook ouer stemme is, dat dit nie net jong mense is wat debute lewer nie.

“Iemand met ’n bietjie lewenservaring, iemand wat ’n bietjie



Lien Botha praat oor Wonderboom. FOTO: MARCHELLE VAN ZYL

geleef het.”

Saartjie het gesê die proses van ’n geheue wat taan word verbluffend goed in die boek uitgebeeld, “hoe woorde minder raak”, en dat die boek ’n pragtige visuele ervaring is omdat dit so

mooi uitgelê is.

“Die benutting van die foto’s... jy’s ’n erkende fotograaf: Is die boek vir jou mooi?” het Saartjie gevra, waarop Lien geaarsel het met ’n “Genugtig, Saartjie” en die gehoor spontaan begin lag het.

“Kom ek wees eerlik. Ek was in die eerste plek uit die veld geslaan dat ek dit [die manuskrip] kon voltooi, dat dit deur ’n uitgewer aanvaar is, en derdens dat Hester Carstens aangedring het op hierdie ongelooflike papier [waarop die boek gedruk is]. Ek dink dis dieselfde papier, munchausen, waarop *Kaar* gedruk is. En toe ek weer na *Kaar* gaan kyk en dit vashou in my hand, dink ek: Goeie genugtig, dieselfde papier as Marlene van Niekerk se boek...”

In ’n ander vraag het Saartjie gesê *Wonderboom* is ’n bewys dat Lien al baie Afrikaanse boeke gelees het en dat dit in gesprek tree met die Afrikaanse letterkunde. “Was daar ’n doelbewuste keuse in terme van intellektuele gesprek? Of het die vorige leeservarings hulle kom aanmeld?”

“Ek dink beide, omdat ons so ’n ongelooflike skat van Afrikaanse letterkunde het waarmee ’n mens gelukkig was om groot te word. Dit

kon nie anders nie.”

En toe sê Saartjie Lien se boek is ’n belangrike, rigtinggewende werk. “Het jy toe jy die boek begin skryf, geweet wat jy gaan skryf?”

“Ek dink nie ’n mens weet nie... weet jy, ek het regtig nie gedink ek kan gaan sit en ’n roman skryf nie. Ek wou bloot verhaale oor Bettysbaai skryf waar ons al 13 jaar woon en waar daar mense is wat net so mal is soos ons.

“Ek wou net anekdotes oor hierdie daaglikse bestaan, en die stropers, en die vrou wie se huis afgebrand het, skryf... dit was my nederige versugting.” Maar toe kom meld haar hoofkarakter, Magriet Vos, haar aan, en die koeël was deur die kerk...

Wonderboom gaan, soos die flapteks sê, oor ’n oorlewingsreis: “Om Suid-Afrika te oorleef, om die geskiedenis te oorleef, om die strikke – en verliese – van ’n mens se eie geskiedenis te oorleef.”

– Jo Prins

Dankie vir die voorreg, Jana

Hoe kyk ek? Spesiale projekte. Die Khaya. Die gesprek was Woensdag.

Die akteur Jana Cilliers loop by Die Khaya in. Sy lyk deftig, haar hele liggaamshouding is so sjiek en soepel, sy kon netsowel in Parys, New York of Londen voor ’n uitgelese gehoor gaan sit en praat het.

Sy is in die dorp om oor haar ma, die bekende kunstenaar Bettie Cilliers-Barnard, te praat. Daar is ’n filmportret van haar ma, genaamd *Bettie*, waaroor sy gratis met die gehoor ’n gesprek gaan voer (13 Maart om 16:00, Pulp Cinema Neelsie). Sy het ook in *In die omtes van die hart* opgetree, waarin sy uit die werke van Petra Müller voorgelees het. Wat ’n eer.

Die dag toe ek haar sien, was sy die gas by ’n gesprek met die Woordfees-direkteur Saartjie Botha, wat kers opgesteek het by akteurs oor die basiese toerusting wat nodig is om die meeste uit jou ervarings te haal.

Dié agtermiddag praat hulle onder meer oor teater-etiket, oor hoe ’n gehoor met die spelers moet omgaan. Die totale ironie, want soos gewoonlik was daar ’n hanswors wie se selfoon afgegaan het juis toe sy daarvoor uitwei. Twee van die vele mense wat agter my gesit het, het die heeltyd hul stoele op die vloer geskuif.

As dit ek op die verhoog was, sou ek met waterkanonne begin skiet het, maar Jana is te fynbeskaafd om soos ’n besete bantamhoender te kekkel en kraai. Hoewel sy tog vertel het van die keer toe sy op die verhoog was en

twee jong vroue in die voorste ry mekaar reg deur die stuk sit en SMS het.

Kan jy nou meer? Ja, ’n mens kan, want ons leef in die laaste dae lyk dit. Jana het dadelik ná die ver-toning van die verhoog afgeklim en met hulle saggies gaan praat. “Hoekom het julle dit gedoen?” het sy half oorbluf maar beleefd gevra.

“O,” antwoord hulle soos een.

“Maar ons het alles gevolg!”

“Umshini wami”, inderdaad.

Sy het ook al verskillende tipe teatergangers opgelet. Daar is die agies, wat maar eintlik kom om te sien wat die ander mense dra. Die selfoonbrigade (let’s not go there).

En dan die klomp met drankies vol ys wat presies op ’n roerende plek in die stuk begin klingel. Soos die doodsklokke. Natuurlik is daar ook diegene wat onomwonde hul drankies omgooi, uitgooi, en dan die gesnak na drankasems en die breek van glasstukke wat na die verhoog toe weergalm.

Ten spyte hiervan, het sy net die grootste agting vir gehore, want sonder hulle is die teater ipso facto niks.

“Die gehoor is belangrik, hulle word soos ’n medespeler. Nie almal is onbeleefd nie.”

Sy het verwys na toekomsplanne, soos dalk haar eie teater eendag, ook na haar klasse in die Alexander-tegniek (wat jou help met postuur en ’n kern van stilte) en heelparty ander kwinkslae (ongelukkig te min spasie) wat sy met die gehoor gedeel het.

Dit was ’n volmaakte uur vol insigte. Wat ’n voorreg Jana, dankie. – Herman Lategan



Bettina Wyngaard gister aan die woord oor haar boek Slaafs. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

‘Slawe reg onder ons neuse’

Bettina Wyngaard: Slaafs. Skrywersfees. ATKV-boek-tent. Dit was gister om 15:30.

By Bettina Wyngaard is daar ’n Gideonsbende in die boektent. Maar waar die getalle skraps is, maak dit op in gravitas. Mense soos Karin Brynard, Lina Spies, Marita van der Vyver, Irna van Zyl, Wilna Adriaanse en Willie en Malene Breytenbach sit in die gehoor.

En benewens dié ywerige Wyngaard-aanhangers is sy boonop in die hande van die bekwame Fourie Botha van Umuzi (Penguin Random House) en die voormalige Woordfees-hoofseun, Melt Myburgh, neem haar deur haar passies op verhoog.

Nie dat Wyngaard beskerming nodig het nie, sy staan behoorlik op haar eie bene in *Slaafs*, haar jongste krimi-boek

waarin die fokus op mensehandel is.

“Ek het vir die eerste keer rêrig intensief daarvoor [mensehandel] begin navorsing doen toe ek in die kerk, waar ek in daai stadium [tydens die Wêreldbekersokker-toernooi in 2010] gewerk het, toe ons programme vir kinders in vakansiekampe aangebied het.

“Ons het hulle voorberei op die gevare wanneer die Wêreldbeker begin, wanneer die mense kom... en toe kom ek agter daar is ’n redelike fokus op seksslawe – wat ek in die boek ook doen – maar daar is ook mense wat vir arbeid verhandel word.”

Wyngaard het gesê sy was byvoorbeeld glad nie bewus van ’n “arbeidhandel” wat hier reg onder ons neuse aangaan nie.

“Dat klomp mense van Ceres na Mitchells Plain verhandel word om as huisbediendes te werk.

“Hulle gaan gewoonlik vrywillig, met beloftes van die een of ander goedbetaalde werk, maar as hulle in Mitchells Plain aankom – en hulle is mense van die plaas af...”

Volgens Wyngaard het sy, benewens die navorsing oor mensehandel, met ’n forensiese entomoloog gewerk “oor insek-aktiwiteite op lyke”.

“Dit was vir my baie lekker. Haar [die entomoloog] se voorstel was dat ons na die body farm in Bloemfontein moet gaan. En ek moes ook oor vingerafdrukke navorsing doen en oor rekenaarprogramme.”

En dié meisie van Grabouw, wou sy nie haar boek in Engels skryf nie?

“Ek het vir so drie sekondes gespeel met die gedagte van Engels... maar ek wou in Afrikaans skryf.” – Jo Prins

‘Praat sonder om regtig iets te sê’

Koos Kombuis en Andries Bezuidenhout is sekerlik van die veelsydigste mense in die bedryf. En ’n mens sê dit nie sommer ligtelik nie.

Koos is nie net sanger en liedjieskrywer nie, maar ook digter, romansier, rubriekskrywer en outeur van fiksie vir tydskrifte. Toe hierdie onderhoudvoerder hom jare terug in Stellenbosch se demi-monde ontmoet het, was hy selfs vir ’n wyle ’n soort bergie wat snags dan en wan langs die Eersterivier geslaap het, en was hy ’n Tassenberg-connoisseur uit die boonste rakke.

Andries Bezuidenhout het soveel uiteenlopende vermoëns hy moet sommer toegesluit word, want dis amper krimineel. Dié kalant is ’n professor in sosiologie, ’n digter, skrywer, skilder en dan nog ’n musikant.

Herman Lategan het met Koos (meestal) en Andries (hy was op die pad) gesels oor hul vertoning *Terug na die Kombuis*.

Koos, hoe het die idee vir die show ontstaan?

Die idee het van my kant af gekom. Andries is ’n jare-oue connection en ek was lus om ’n slag ordentlik met hom te kuier en hom beter te leer ken. Ook was ek baie depressief oor die toekoms van die land, en ek het gehoop dat hy, met sy beresenheid en sy wye kennis van alles wat gebeur in die vakbonde en die politiek, vir my hoop sou gee vir Suid-Afrika.

Die hoop het egter beskaam. Toe ek hom egter die eerste keer bel, was sy eerste woorde aan my: “Ons is só in ons moer”. Dit was dalk nie ’n goeie idee om ’n show KKNK toe te neem onder sulke omstandighede nie, maar dit was



“**Ons het saam die Briels se ‘Trein na Pretoria’ gecovert.**

– Andries Bezuidenhout

te laat om kop uit te trek.

Meer oor die titel?

Ek dink die titel kom ook van my af, maar ek kan nie onthou of dit ’n dieper betekenis het nie. Daar was ’n paar los gedagtes aanvanklik dat ons allerhande issues sou takel soos die status van Afrikaans en die taalstryd, en of ons weer ’n kombuistaal moet praat, sulke heavy diep gedagtes.

In die stadium dat ons die show Oudtshoorn toe gevat het, was ons albei in so ’n donker plek dat ons op die ou end ’n los teks aanmekeer gevlans het wat feitlik geen visie of boodskap gehad het nie.

Daar was ’n liedjie in oor ek wat ’n stok vir my hond gooi en hy wil dit nie gaan haal nie. Ek het sonder my bandana opgetree. Andries het gemaak asof hy in die

Ontug is in die lug

Andries Bezuidenhout vertel:

Ek en Koos revisit ou tunes. Dis vir my baie spesiaal omdat ek op baie van hulle leer kitaar speel het. “Ontug in die lug”, “Lady van die bodorp”, ensovoorts. (Dit hou my natuurlik nou nog terug!) Hierdie show het baie meer lag as huil in, soms huil ons van die lag soos ons van die lirieke oorskryf. O, Koos vergeet van een collaboration, ons het iewers in die 1990’s saam die Briels se “Trein na Pretoria” gecovert op ’n ou, ou TV-program. Dit mag dalk *Geraas* gewees het. Nog altyd ’n sagte plekke vir die Briels.

Terug na die Kombuis. Woordkuns. Laer as laag. Vandag om 18:00.

donker teen ’n strykplank vasloop in sy huis tydens beurtkrag. By ten minste een show was daar régtig beurtkrag, so dit was nie eens altyd nodig om die ligte-ingenieur te vra om alles af te sit nie.

Hoe lank is julle al pelle?

Baie lank. Wel, ons was soort van in dieselfde vriendekring al voor die Voëlvrytoer, destyds in Pretoria, maar ons het mekaar nou eers beter leer ken, letterlik mekaar leer ken tydens ons gesprekke op stage verlede jaar. Ons het dit nie eintlik agtergekom dat daar ’n gehoor voor ons sit nie, ons was so



“**Jy moet voel jy kuier saam met ons in iemand se kombuis.**

– Koos Kombuis

verdiep in ons eie smart, die hele show het werklik gevoel soos twee ouens wat in ’n donker kombuis sit en k*k praat sonder om rêrig enigiets te sê. Ek moet erken dat vandat ek Andries se donker kant ontdek het, voel ek hy het nou eers werklik ’n vriend van my geword.

Het julle al voorheen saam opgetree?

Nee, daai [KKNK] was ons eerste keer. Ons het gehoop dis ons laaste. Wat’s die punt van nog ’n show, ons is toe mos klaar vriende? Ons was uit die veld geslaan toe die Woordfees ons nooi. Ons show was rêrig pointless. Ons verstaan nou nog nie hoekom die sale so vol was en hoekom ons soms selfs ’n encore gekry het nie. Dit was glad nie die bedoeling nie. Ons het al ons notas al weggegooi en moes soort van iets nuuts uitwerk van

scratch af, dit was baie moeite.

Dalk is dit ’n goeie ding. Ek dink ons voel albei nou meer positief. Dalk sal ons show hierdie keer beter resensies kry. Laas het hulle ons heeltemal afgeskiet. Hulle het darem gesê Andries kan nogal okei sing, maar jy moes die *Krit*-posters teen Oudtshoorn se pale sien na opening night: “Wat de Joos is fout met Koos?”

Hoeveel nommers is daar?

Min of meer twaalf, maar tydens ons laaste repetisie [die volgende oggend] gaan ek hom vra of hy nie nog iets ekstra wil sing nie, so dalk word dit dertien. Dalk is dit ons gelukkige getal hierdie keer?

Gee ’n paar titels.

O. Hy het ’n nuwe liedjie met die titel “Ten spyte van”. Dis ’n vrolike liedjie, Mariana Malan [*Die Burger*] sal baie daarvan hou. Ek het ’n baie lang song waarin ek wonder of ek moet Mars toe gaan of nie. Ons sal waarskynlik begin met “Lisa se klavier” om dit so gou as moontlik agter die rug te kry.

Wat kan mense van die vertoning verwag?

’n Bietjie lag met ’n traan, ’n lepeljie humor, ietsie stout, maar nie lelik stout nie, heelwat geselligheid. Mense moenie na ons kom kyk asof hulle ’n show kom sien nie, hulle moet voel hulle kuier saam met ons in iemand se kombuis, dan vat ons dit van daar af en kyk wat gebeur.

Ek gaan ’n halwe bladsy voorlees uit *Ver in die wêreld sushi*, spesiaal vir almal wat te suinig was om die boek te koop. Ek probeer Andries nog oorreed om weer teen daai strykplank vas te loop, dit was laas ’n baie gewilde triek.

ONTDEK 'n NUWE Wêreld

saam met die ATKV

BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

ATKV-BOEK- WINKEL

Ons omvangryke boekwinkel* is terug met 'n fees van boeke vir boekleefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

*Agter die US Museum

ATKV-BOEK TENT

Kom loer **daaglik** vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

MÔRE, 12 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

09:00 - 10:00	Wat maak Stellenbosch uniek?
10:30 - 11:30	Alexander Strachan: Brandwaterkom
12:00 - 13:00	Dana Snyman: In die blou kamp
14:00 - 15:00	Immergewilde kinder karakters: 'n kuier saam met Bennie Boekwurm en maats
15:30 - 16:30	Misdaadskrywers: feit of fiksie?
17:00 - 18:00	Digtersparadys

@ATKVSA

ATKVSA

#ONTDEKAFRIKAANS

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreld in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans

www.atkv.org.za

ATKV

Musiek

Duo kies vanjaar Franse flair

Die Stellenbosse klavierduo Two Pianists maak 'n terugkeer na die Woordfees. **Wayne Muller** het by Nina Schumann gaan kers opsteek oor hul uitvoering van Franse musiek.

Met verlede jaar se Woordfees moes Two Pianists – die klavierduo van Nina Schumann en haar man, Luis Magalhães – hul konsert kanselleer toe Schumann 'n besering opgedoen het. Maar vanjaar is hulle terug met 'n konsert van Franse repertorium.

Albei is klavierprofessors aan die Universiteit Stellenbosch se Konservatorium, en hulle word as Suid-Afrika se voorste klavierduo gereken. Boonop is hulle in aanvraag reg oor die wêreld.

In hul konsert *Nina avec Luis!* vanaand in die kykNET Endler, sal die gehoor musiek van César Franck, Camille Saint-Saëns, Francis Poulenc en Maurice Ravel hoor.

“Die Franse repertorium vir twee klaviere is regtig wyd en ons het reeds oor die jare 'n hele aantal werke ingestudeer. Ná die sukses

van ons album van Amerikaanse musiek (*American Intersections*) het dit net sin gemaak om nog 'n land se komponiste te belig,” sê Schumann. Hierdie Franse komposisies het Two Pianists nog net een keer voorheen in konsert uitgevoer – in Oktober verlede jaar in die Cleveland Museum of Art.

Soos met baie van hul konsertprogramme het hul keuse van werke vir hierdie konsert ook met een spesifieke werk begin: die Preludio, Aria en Finale van Franck wat deur Renzo Silvestri vir twee klaviere verwerk is.

“Ons het die musiek in 'n private biblioteek ontdek. Dit is vir seker nog nooit opgeneem nie, so dit had 'n enorme aantrekkingskrag. Natuurlik help dit dat die werk absoluut wonderskoon is en 'n amper romantiese twist aan die program gee,” vertel Schumann.



Two Pianists: Nina Schumann en Luis Magalhães. FOTO: VERSKAF

Van Saint-Saëns doen die twee pianiste Beethoven-variasies, wat meer in Klassieke styl is; dan “regte” Franse musiek van Poulenc en Ravel in die tweede helfte.

“As 'n mens daaraan dink dat

slegs 22 oorspronklike werke [nie transkripsies nie] vir twee klaviere voor die begin van die 20ste eeu gekomponeer is, is dit nogal verstommend hoe baie hiervan deur Franse komponiste geskryf is.

“Daar was duidelik meer van 'n kultuur en smaak vir twee klaviere in Frankryk” sê Schumann.

Soos altyd het dit die twee pianiste 'n paar maande geneem om hierdie musiek in te studeer, maar “omdat ons soveel leer uit ons uitvoerings, was dit goed om te sien hoe die program oor die afgelope paar maande verander het”.

Schumann en Magalhães het beplan om in September verlede jaar die werke op te neem, maar hulle het eenvoudig te veel konsertverplichtinge gehad om tyd te maak vir 'n opname.

“Ons was albei op studieverlof verlede jaar, so ná 'n vol jaar met amper 60 konserte was ons teen Kersfees doodmoeg!”

**Nina avec Luis!
Klassieke musiek. kykNET Endler. Vandag om 20:30.**



Grethe van der Merwe is 'n talent wat 'n groot gehoor verdien. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Gehoor in palm van haar hand

**Hierdie plek. Laer as laag.
Die konsert was op 9 Maart.**

Dis hoe dit gewoonlik in die musiekbedryf werk, veral as jy 'n relatief onbekende sanger is: Jy tree op, maar doen dit met backtracks of as jy gelukkig is, 'n kitaarspeler of iemand agter die klavier.

Nie Grethe van der Merwe nie. Sy is by verlede jaar se Woordfees benoem as beste solokunstenaar en met een vertoning vanjaar by Laer as Laag was daar vyf musikante saam met haar op die verhoog. En nie sommer so nie. 'n Kitaarspeler, iemand op perkussie, 'n violis,

'n baskitaarspeler wat ook trekklavier gespeel het en 'n agtergrondsanger. Dit is duidelik dat hulle geoefen het, dat hulle die musiek ken en dat elkeen in eie reg talentvol is.

Die musiek was grotendeels Van der Merwe se eie werk, maar die paar weergawes van ander kunstenaars se musiek het gewys dat sy ook ander se werk haar eie stempel gee.

Van der Merwe het 'n baie goeie stem en is goed op die verhoog. Vir die uurlange vertoning het sy die gehoor – met 'n groep wat duidelik al aanhangers is en luid gejuig het ná elke liedjie – in die palm van

haar hand gehou.

Die musiekbedryf, en veral die Afrikaanse musiekbedryf, gaan deur baie moeilike tye. Die dae waar mense stapels CD's gekoop het, is helaas verby.

Die ekonomie het egter vir een goeie ding gesorg en dit is dat die kaf van die koring geskei word. Mense is meer kieskeurig en daar is 'n terugkeer na oorspronklike musiek met 'n snykant, die sanger-liedjieskrywer wat iets meer het om te sê as bubblegum-popmusiek.

Hou Grethe van der Merwe dop. Sy is 'n talent wat verdien om deur 'n groot gehoor gehoor te word. – **Ilza Roggeband**

MPOFO EN SLABBERT

Lieflike groot stemme bekoor

**Die lewe is 'n lied. Klassieke musiek. kykNET Endler.
Die konsert was op 9 Maart.**

'n Groep musici wat die afgelope paar jaar onder die toppresteerders in die ATKV se musiekkompetisies was, was Woensdagaand saam op die verhoog in hierdie konsert waarin allerlei aspekte van die lewe gevier is.

Noluvuyiso Mpofo (sopraan), Johannes Slabbert (bariton), Elmien Filipi (viool), Lida Pieterse (altviool), Axolile Hoza (fluit) en Visser Liebenberg (klarinet) is bygestaan deur die pianis en musikale regisseur Philippus Hugo.

Die fokus van die aand was wel op die twee sangers, met enkele instrumentale solo's.

Mpofo en Slabbert maak reeds geruime tyd opgang in operaproduksies van Kaapstad Opera en die Universiteit van Kaapstad se operaskool, waar albei gestudeer het.

Mpofo het 'n lieflike en groot stem, wat boonop baie beweeglik is en vinnig deur koloratuur kan hardloop. Maar sy sing ook pragtige legato-frases, behalwe dalk in

haar eerste aria, “Ach, ich fühls” uit *Die Towerfluit* van Mozart.

Met Violetta se eerste aria uit Verdi se *La Traviata*, “Ah, fors'è lui ... Sempre libera”, het sy 'n paar gehoorlede op hul voete gehad. Dit was 'n opwindende vertolking, en daardie stem het die auditorium met gemak gevul.

Ook haar interpretasie van “Summertime” van Gershwin kon 'n mens vermurwe.

Slabbert het eweneens 'n ryk, welluidende stem en boonop 'n sjarmante verhoogpersoonlikheid. Ek het veral sy sang in “Some enchanted evening” uit Rodgers en Hammerstein se musiekspel *South Pacific* geniet.

Die sangers het ook twee operaduettes gesing: Germont en Violetta se duet uit *La Traviata* en “Dungeo io son” uit Rossini se *Il Barbiere di Siviglia*.

Liebenberg en Hoza het elk kans gekry om solis te wees. Dit was veral eersgenoemde se stuk, getitel “Sholem Alekhem, Rov Feidman!” en gekomponeer deur Bela Kovács (gebore 1937), wat nie net interessant was nie, maar ook uiters mooi gespeel is.

Hugo was deurgaans 'n fantasiese begeleier wat in elke item sterk leiding geneem het.

Hierdie konsert was eintlik 'n vreemde allegaartjie van musiek wat 'n mens nie aldag in één konsert sou hoor nie, maar dit was tog 'n uitvoering waarin 'n mens elk van die musiekstukke kon geniet, die klein foutjies hier en daar ten spyte. – **Wayne Muller**

“Dit was 'n opwindende vertolking, en daardie stem het die auditorium met gemak gevul.”

WAANSIN

Dansende sopraan mág maar

Waansin. Klassieke musiek. Stellenbosch Stadsaal. Vandag om 20:00.

Die komponiste van die 19de-eeuse bel canto-operas was mal oor waansintonele. Hul karakters raak droomverlore en stapelgek op die maat van die mooiste musiek.

Hierdie produksie, wat Woensdagaand geopen het en nog vanaand opgevoer word, is uit 'n paar bekende waansintonele saamgestel, asook een deur die Suid-Afrikaanse komponis Braam du Toit.

Op die verhoog is die koloratuursopraan Magdalene Minnaar saam met die danser Martin van Heerden. Links op die verhoog verskaf José Dias (klavier), Louisa Theart (fluit) en Ariella Caira (tjello) die begeleiding en musikale inkleding.

Die regisseur Jaco Bouwer en choreograaf Ina Wichterich skep 'n vreemde wêreld op die verhoog – dis vir seker 'n eienaardige wêreld waarin die waansinnige karakters hulle bevind. Daarvan is die goudkleurige koppe op die verhoog 'n bewys.

Danser en sanger word een wanneer Van Heerden die skaduwee van Minnaar se karakters word. En so word die danser deurgaans 'n alomteenwoordige wese wat hom aan 'n waansinnige vrou haak.

Ons hoor Donizetti se waansintoneel uit *Lucia di*

Lammermoor, nadat die titelkarakter haar bruidegom vermoor het en bebloed rondwandel. Dan dwaal Amina die slaapwandelaar in Bellini se *La Sonnambula* op die verhoog, gevolg deur Ophelia in Ambroise Thomas se opera gebaseer op die Shakespeare-stuk *Hamlet*.

In Du Toit se aria, "Sergeant, teach the prince to ride", vra 'n prinses die sersant om haar seun te leer perdry. En om mee af te sluit: "Glitter and be gay" uit *Candide* van Leonard Bernstein.

Bouwer en Wichterich daag Minnaar behoorlik uit: Sy sing terwyl sy buig, lê, rol, draai, op haar tone dans, en les bes op een van die goue koppe balanseer.

Hierdie fisieke uitdaging vat egter aan Minnaar en baie van haar hoë note se intonasie was nie suiwer nie. Maar dit verbaas my dat die ander note wel goed op noot was, want om te midde van sulke uitmergelende bewegings te moet sing, is g'n maklike taak nie.

Die eerste vier arias is kalm en grasiouse tonele is daarvoor geskep.

Maar dinge raak absurd in "Glitter and be gay" wanneer die karakter Cunégonde saam met Mickey Mouse partytjie en hulle saam kokaïen snuif en mekaar lyflike plesier verskaf.

As jy lus is vir 'n mal naweek, gaan kyk vanaand se vertoning.

– Wayne Muller



Die kunstenaars wat vanaand en Sondag in *Dido & Aeneas* te sien is. FOTO: DEWET VAN ROOYEN

Beleef Dido se wroeging in klassieke liefdesverhaal

Dido & Aeneas. Debuut-opera. kykNET Fisser. Vandag om 18:00 en 13 Maart om 17:30.

Die klassieke liefdesverhaal oor 'n Kartaagse koningin en haar Trojaanse held word vanjaar na die hede verplaas wanneer die Cape Consort hul eerste vollengte opera-produksie, Henry Purcell se *Dido and Aeneas*, met teaterskepper Marí Borstlap en musiekregisseur Hans Huyssen aanpak.

Die verhaal handel oor die wroeging van Dido, 'n geestelik onstabiele jong vrou wat in die Kartago Sielsieke-inrigting opgeneem word ná haar minnaar, Aeneas, na Rome vertrek. Die stuk se hoogtepunt is die befaamde "Dido se Treurlied".

Alhoewel vanjaar se vertoning 'n moderne spin het, spits die Cape Consort, 'n ensemble van sangers en instrumentaliste, hulself toe op die histories-ingeligte uitvoer-

praktyk van vroeë musiek – slegs instrumente eie aan die periode word gebruik.

Dié baanbrekende benadering het gesorg vir 'n WOORDtroFEES tydens die 2012-Woordfees, toe die groep Monteverdi se Vespers uitgevoer het.

Hulle mik om vanjaar gehore deurentyd aan die "opwindende vroeë repertoire" bekend te stel. Kaartjies kos R140 (besprekings) of R160 by die deur.

W. HEUER
www.wheuer.co.za



Klaviere en musiek

instrumente



Stellenbosch 021 887 2938



Luna Paige
Nick Turner
&
Hatchetman

Universiteit Stellenbosch
Woordfees

Laer as laag

6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur

Kuns

Joshua na die lig

Joshua Miles sien homself as 'n sjamaan. Hy speel met lig en dans met skaduwees. Hy gesels met **Marchelle van Zyl** oor sy werk.

‘My ding is landskap-kuns,’ vertel Miles. Sy bokbaardjie pas hom goed. Hy en sy Skotse vrou Angela sit langs mekaar. Hulle maak mekaar se sinne klaar, vul mekaar aan en jy kan sien hulle is 'n goeie span. Hulle albei glimlag altyd. Heeltyd. Nie aansitterig of pretensieus nie. Net opreg. Hul van moet verander word na Smiles.

Joshua is een van min mense in die land wat reduksie-blokdrukwerk doen. En goëd doen.

Jou waardering vir sy werk is net soveel meer as jy besef hoe kompleks en langsaam die drukproses is.

“My gewone proses is hout-blok-drukke of linoblok-drukke. Reduksie. So, jy het jou lino wat jy uitsny, rol met ink, jy sit papier daarop en jy druk dit, en dan maak jy dit skoon en dan sny jy weer van dieselfde lino, donkerder kleur, druk dit op dieselfde papier.”

Die proses word tot sewe keer herhaal en hy maak 'n edisie van net 10. Ná die proses is die blok heeltemal vernietig, so dit kan nooit weer gebruik word om nog edisies te druk nie.

“Met die monodrukke rol jy ink in 'n blok en dan in daardie blok ink teken jy deur die ink weg te vee. So, jy wip net die ink. En dan kan jy dit druk deur die drukpers.

“But most people only use one color. You make it more complicated, because you use two or three layers,” verduidelik Angela.

“Dis daai Calvinistiese ding. Jy moet suffer!” Hy gesel homself met 'n denkbeeldige sweep oor sy rug. “Suffer!” spot hy.

“Dan is dit letterlik soos drie tekeninge wat bo-op mekaar gedruk word. Maar met hierdie proses kan jy net een druk maak. Dis nie soos die reduksie-blok waar jy 'n edisie kan maak nie.”

Die afgelope ses jaar het Joshua meestal net die reduksie-blokdrukwerk gedoen en dis maar die laaste jaar wat hy begin eksperimenteer het met die monodrukke.

“Die mono's het my gevat soos 'n virus. Die lyne is nie so skerp nie. Dit voel amper meer na 'n skildery. Ek het ses jaar laas geskilder. Maar ek het vir 15 jaar met olie op doek gewerk. So die mono's is so half tussen die reduksieblok-drukke en die skilderye,” verduidelik Joshua.

En elke monodruk is uniek. Daar is net een.

“Ek soek amper maksimum fotorealisme, maar met die wildste, crazyste merke. Dit is my absolute ideaal.”

“So, when you stand back, it completely makes sense, but when you go up close...” onderbreek Angela. Dán sien jy die rollermerke en die vingerstrepe en die beitelmerke.

Joshua en Angela het nie juis



Al dié werke van Joshua Miles, buiten die selfportret, is nog tot Sondag in die uitstalling Skadudans te sien. FOTO: VERSKAF

Stellenbosch goed geken voor hulle die afgelope paar maande hier in die dorp en valleie, in die wingerde en townships rondgesluis het op soek na die regte lig as inspirasie vir sy uitstalling by die fees nie.

“Ek en Angela het geweldig baie tyd in Stellenbosch deurgebring. Die eerste ruk het ons nogal gesukkel. Want alles is toe,” vertel hy amper verbaas.

“Alles is agter elektriese drade. So, dit was geweldig moeilik om alles te access en dit het so half nie bymekaar gekom nie en ek was baie worried. En ons het seker so agt keer op Stellenbosch kom oorbly. En dit was waarskynlik net die laaste drie keer wat die dinge begin bymekaarkom het.

“It was a fantastic experience!” roep hy uit. “Want Stellenbosch is verskriklik mooi,” vertel Joshua.

“We’re actually sad that now that the exhibition is happening, it’s the

“Wat dans in die skaduwees... Wat is die toekoms?”

Joshua Miles – Skadudans solo-uitstalling. Visuele kuns. US Konservatorium. Tot Sondag 13 Maart van 09:00 tot 22:00.

end of that project. It was such an adventure,” sê Angela.

“A wholesome experience,” beaam Joshua.

Die titel van Joshua se uitstalling is *Skadudans*.

“Op die mees eenvoudige manier is dit maar net al hierdie mooi bome se skaduwees teen die

geboue. Maar dit is ook: Wat dans in die skaduwees? Die politiek. Wat is die toekoms?”

“Die ander ding is ook... Ek het nog altyd 'n ding oor sjamaan. Dat ek myself bietjie sien as 'n sjamaan of 'n geestesheeler. 'n Geestes-gesondmaker, want deur net iets moois vir iemand te wys, laat voel ek hulle beter.

“Op 'n spirituele vlak relate ek baie met die sjamaan se transdans, en dat hy iets uit die spirituele wêreld gaan haal om mense te help, en dan skilder hy teen die rotsmure. So, dis baie my gevoel van wat ek doen as kunstenaar. Dit is deel van skadudans.”

Sy diep, rustige stem draal verlee weg. “Dis 'n bietjie heavy... skuus,” begin hy verskonend lag.

Joshua se reduksie-blokdrukwerk is 'n konstante dans met lig. Hy kry dit reg, weer eens met dié uitstalling, om werklik die goue

ure van die dag vas te vang en met die baie komplekse drukprosesse weer te gee.

Wat wil Joshua hê moet die kyker by sy uitstallings beleef? Angela antwoord vir hom.

“You’ve often been asked to stand up at exhibitions and talk about your work, and he often says, ‘I don’t want to talk about my work, because the work speaks for itself.’”

“Wel, dis die punt vir my. Jy moet iets daaruit kry. Dan het ek geslaag. En ek besef dat hulle nie die gevoel gaan kry wat ek ingesit het nie. Want ons het almal sulke verskillende verwysingsraamwerke.”

Joshua dink 'n oomblik na. “Iets moois. Hulle moet goed voel.”

Dis so eenvoudig soos dit. Joshua, die sjamaan, wat in die skadu's met lig speel en teen ons rotswande kom skilder.

Musiek

Jak, tel tog jou woorde

Jak de Priester: Bo blink. Sanlam musiekfees. Die vertoning was Woensdag.

Ons lewe in ’n tyd waar ons ons woorde moet weeg. Mooi moet dink of dit wat ons sê ’n bydrae gaan maak tot die gesprekke wat ons so broodnodig in Suid-Afrika het. Praat ons net vir onself en wie is hierdie “ons”?

Jak de Priester is ’n talentvolle sanger en liedjieskrywer. Hy is ’n innemende man en jy kan nie anders as om van hom te hou nie. Hy is ook ’n goeie, pittige storieverteller.

Met sy sang en die begeleiding deur Altus Muller kan daar nie fout gevind word nie.

Maar, Jak, ek wil met jou praat oor van die stories wat jy tussendeur die liedjies vertel. Wanneer jy van julle vakansie vertel en sê niemand gaan meer Durban toe nie, wat bedoel jy? Sover ek weet is Durban steeds ’n baie gewilde vakansiebestemming vir Suid-Afrikaners. Wie is hierdie mense wat nie meer Durban toe gaan nie?

Ek dink ons almal weet wat jy bedoel, maar is dit nodig?

Dan vertel jy van die liedjie wat jy vir jou ma geskryf het. Jy vertel hoekom jy bly is dat ’n “Afrikaner boervrou” jou ma is, dat jy bly is sy is nie van Nieu-Seeland nie, want daar is hulle so groot “hulle lyk almal soos rugbyspelers”.

Vanjaar is ek bevoorreg om saam met ’n groepie mense ’n reeks vertonings te gaan kyk. Daar is gesprekke ná die vertonings en ons kan ’n ding uitpraat en redeneer.

Is dit net naïef van jou kant of speel jy in die hand van die mense wat jou ondersteun se vrese en vooropgestelde idees?

Ek hoop dat jy nie werklik weet dat jou woorde mense kan verdeel nie. Dat jy dit nie doen omdat jy weet jy hierdie dinge moet sê om ’n sekere ondersteuning te kry nie.

Jak, jy kán skryf, maar kyk weer met ’n kritiese oog na jou stories. Vra raad as jy moet. Behalwe natuurlik as dit is wat jy wil sê. Dan is dit baie jammer. Ek was nog altyd ’n fan, maar daar was tye in die konsert wat my baie ongemaklik gemaak het. En ek sê dit met baie liefde en deernis.

– Ilza Roggeband

WAT was dit?

WAT: A tot Z. Die konsert was Woensdagaand by die Spier-amfiteater.

Die WAT, oftewel die Woordboek van die Afrikaanse Taal, vier vanjaar sy negentigste verjaardag en vir die geleentheid is daar ’n spesiale konsert gereël, WAT: A tot Z.

Die musiekregisseur was Melissa van der Spuy en sy het ’n groep talentvolle musikante en sangers gekry. Leon van Nierop was die seremoniemeester.

Wat ’n gulde geleentheid was om Die Taal te vier en Afrikaans vir mense musikaal lewendig te maak, het ongelukkig verlore gegaan. Was daar werklik nie een persoon van kleur beskikbaar om ook hul kant te vertel nie, hul liedjies te sing nie? Was dit regtig nodig om Engelse liedjies in die program te gebruik? Om van die penniefluit-kenwysie van *Flink uit die Vere* na Mango Groove te spring, was ’n baie ver en abstrakte sprong.

Wat was die rede vir Albert Frost, ’n uiters talentvolle musikant en sanger, om “Liefeling” te sing? Dit terwyl Louis Looock ook op die konsert was?

Jy moet weet sangers is nie gemaklik met dit wat hulle op die verhoog moet doen nie wanneer amper elkeen met ’n lêertjie onder die arm op die verhoog stap, dit op ’n musiekstaander staan maak en die hele tyd loer om seker te maak van die woorde wat hulle moet sing.

Daar was tog goeie oomblikke. Lize Beekman se “O, Boereplaas” en haar eie “’n Sonneblom uit Bethlehem” was sielsmooi. Die orkes, onder meer Jannie “Hanepoot” van Tonder op tromboon, Anjule de Vos-Nock op tjello, Kevin Gibson op tromme, Romy Brauteseth op kontrabas en Van der Spuy op klavier en trekklavier, het hulle goed van hul taak gekwyd. Chris Chameleon, Koos Kombuis en Nick Turner se “Trein na Pretoria” en “Snor City” het goed gewerk en Chameleon en Kombuis het meestal in hul solo-optredes gedoen wat die gehoor van hulle verwag is.

Hierdie konsert kon soveel meer gewees het. Dit kon ’n viering van Afrikaans in al haar gewade gewees het. Die kans is ongelukkig verspeel.

– Ilza Roggeband

Oude Libertas Amfiteater

Best of Bovim Ballet

8-12 Maart 20:15

Asemrowende duette, trios & groepwerk vol finesse uit
Tango Nights, SwingTime, Romeo's Kiss, Queen at the Ballet
en Private Presley

0861 915 8000 | www.computicket.com | www.computicket.mobi
ALSO AVAILABLE IN THESE STORES

Besprekings @ : 021 809 7473
h/v Adam Tas & Libertas Str, Stellenbosch

LANZERAC

HOTEL & SPA

Est. 1692 Since

★★★★★

LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE
US WOORDFEES 2016

DIE LANZERAC DELI IS ‘N DEELNEMER AAN DIE HAP ‘N
KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY ‘N KANS ON
DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS
DIE WOORDFEES.

DIE LANZERAC DELI BIED OOK HEERLIKE EETGOED BY DIE
HOFMEYRSAAL VANAF 11-12 MAART WAT NIE MISGELOOP
MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG,
HOFMEYRSAAL, STADSAAL EN DIE KHAYA.

DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DStv